**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG PUBLISHED BY AUTHORITY

20c Saterdag 31 Mei 1980 WINDHOEK Saturday 31 May 1980 No. 4160

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 112 31 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 10 van 1980 Wysigingsordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa.*

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 112 31 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 10 of 1980 Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Amendment Ordinance, 1980

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

*(Goedgekeur 27 Mei 1980)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding sien artikels 1(2) en 13.)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1974, betreffende woordbepalings; om die skaal van bydraes te verhoog; om sekere formules te verbeter; om die ampte ten opsigte van die bekleding waarvan lede op spesiale pensioene geregtig is, uit te brei; om voorsiening te maak vir die betaling van gratifikasies en spesiale gratifikasies aan lede en die weduwees en kinders van lede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1974, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1976.

1. (1) Artikel 1 van die Ordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1974 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur die woordbepaling van "lid" deur die volgende woordbepaling te vervang:

"(vii) 'lid' 'n lid van die Wetgewende Vergadering en omvat 'n lid van die Uitvoerende Komitee wat ingevolge artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), as sodanig aangewys of verkies is, met inbegrip van 'n lid van daardie komitee wat aldus as Voorsitter daarvan aangewys of verkies is, ongeag of sodanige lid van die Uitvoerende Komitee ook 'n lid van die Wetgewende Vergadering is al dan nie; (vii)";

(b) deur die woordbepaling van "pensioengewende diens" deur die volgende woordbepaling te vervang:

**LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS AMENDMENT ORDINANCE, 1980** **Ordinance No. 10 of 1980**

*(Assented to 27 May 1980)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement see sections 1(2) and 3)*

# ORDINANCE

To amend the Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Ordinance, 1974, in relation to definitions; to increase the rate of contributions; to improve certain formulae; to extend the offices in respect of the holding of which members shall be entitled to special pensions; to provide for the payment of gratuities and special gratuities to members and the widows and children of members; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 1 of Ordinance 7 of 1974, as amended by section 1 of Ordinance 17 of 1976.

1. (1) Section 1 of the Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Ordinance, 1974 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "member" of the following definition:

"(vii) 'member' means a member of the Legislative Assembly and includes a member of the Executive Committee elected or designated as such in terms of section 4 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), including a member of that committee so elected or designated as Chairman thereof, whether or not such member of the Executive Committee is also a member of the Legislative Assembly; (vii)";

(b) by the substitution in paragraph (a) of the definition of "pensionable allowance" for the expression "section 7(1)(b),(c), (d), (e) or (f)" of the expression "section 7(1)(c), (d), (e), (f) or (g)";

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

"(viii) 'pensioengewende diens' —

(a) diens as 'n lid, uitgesonderd diens-

(aa) ten opsigte waarvan 'n bedrag ingevolge artikel 6 van hierdie Ordonnansie of artikel 8 van die herroepe Ordonnansie betaal is; en

(bb) as 'n oudlid soos in die herroepe Ordonnansie omskryf, behalwe diens ten opsigte waarvan 'n pensioen ingevolge die herroepe Ordonnansie aan sodanige oudlid op die dag onmiddellik voor die vasgestelde datum betaalbaar was of op of na die vasgestelde datum aldus betaalbaar sou word;

(b) diens wat uit hoofde van 'n keuse ingevolge artikel 3(1) of (2) as pensioengewende diens tel of wat uit hoofde van 'n keuse ingevolge artikel 3(4) weer pensioengewende diens word;

(c) diens wat ingevolge hierdie Ordonnansie geag word pensioengewende diens te wees; en

(d) enige tydperk wat ingevolge artikel 12(3) by 'n lid se pensioengewende diens ingereken word,

maar nie ook enige sodanige diens ten opsigte waarvan 'n lid 'n keuse ingevolge artikel 4 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971 (Wet 81 van 1971), of 'n bepaling van 'n wet wat deur genoemde Wet herroep is, gedoen het nie; (ix)";

(c) deur in paragraaf (a) van die woordbepaling van "pensioengewende toelae" die uitdrukking "artikel 7(1)(b), (c), (d), (e) of (f)" deur die uitdrukking "artikel 7(1)(c), (d), (e), (f) of (g)" te vervang; en

(d) deur die woordbepaling van "weduwee" te skrap.

(2) Die bepalings van —

(a) paragraaf (a) van subartikel (1) word geag op 30 September 1977 in werking te getree het; en

(b) paragraaf (b) van subartikel (1) word geag op 1 April 1976 in werking te getree het.

**LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS AMENDMENT ORDINANCE, 1980**

**Ordinance No. 10 of 1980**

(c) by the substitution for the definition of "pensionable service" of the following definition:

"(ix) 'pensionable service' means —

(a) service as a member, excluding service —

(aa) in respect of which an amount has been paid in terms of section 6 of this Ordinance or section 8 of the repealed Ordinance; and

(bb) as an ex-member as defined in the repealed Ordinance, except service in respect of which, in terms of the repealed Ordinance, a pension was payable to such ex-member on the day immediately preceding the fixed date or would become so payable on or after the fixed date;

(b) service which, by virtue of an election in terms of section 3(1) or (2) counts as pensionable service or which by virtue of an election in terms of section 3(4) becomes pensionable service again;

(c) service which in terms of this Ordinance is deemed to be pensionable service; and

(d) any period included in a member's pensionable service in terms of section 12(3),

but shall not include any such service in respect of which a member has made an election in terms of section 4 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971 (Act 81 of 1971), or any provision of any law repealed by that Act; (viii)"; and

(d) by the deletion of the definition of "widow".

(2) The provisions of —

(a) paragraph (a) of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 30 September 1977; and

(b) paragraph (c) of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 April 1976.

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 7 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1976.

2. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, moet 'n lid vanaf die eerste dag van April 1980 of, indien hy daarna 'n lid word, vanaf die datum waarop hy aldus 'n lid word, en vir solank hy 'n lid bly, tot die Inkomstefonds bydra teen 'n skaal van tien persent van sy pensioengewende toelae.".

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 7 van 1974.

3. Artikel 4 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Wanneer 'n lid ingevolge artikel 5 of artikels 5 en 7 op 'n pensioen en gratifikasie of pensioene en gratifikasies geregtig word voordat hy die volle bedrag betaal het wat ooreenkomstig subartikel (1) of (2) deur hom verskuldig is, word die bedrag wat nog onbetaald is teen enige pensioene en gratifikasies wat aan hom betaalbaar is, verreken.

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 7 van 1974, soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 17 van 1976.

4. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, word daar, by die beëindiging van sy diens, aan 'n lid wie se diens op of na die eerste dag van April 1980 ten einde geloop het of loop en wat minstens agt jaar pensioengewende diens gehad het —

(a) 'n pensioen betaalbaar wat bereken word ooreenkomstig die formule:

$$\frac{A}{B} \times C$$

in welke formule —

(i) A sy jaarlikse pensioengewende toelae op die datum waarop sy diens ten einde loop, voorstel;

(ii) B die syfer 15 voorstel; en

(iii) C die tydperk, maar hoogstens vyftien jaar, van sy pensioengewende diens voorstel; en

(b) 'n gratifikasie betaalbaar wat bereken word ooreenkomstig die formule:

D x E x F

in welke formule —

**LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS AMENDMENT ORDINANCE, 1980**

**Ordinance No. 10 of 1980**

2. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 2 of Ordinance 7 of 1974, as amended by section 2 of Ordinance 17 of 1976.

" (1) Subject to the provisions of this Ordinance, a member shall from the first day of April 1980, or, if he thereafter becomes a member, from the date on which he so becomes a member, and for so long as he remains a member, contribute to the Revenue Fund at the rate of ten per cent of his pensionable allowance.".

3. Section 4 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

Amendment of section 4 of Ordinance 7 of 1974.

" (3) Whenever a member becomes entitled to a pension and a gratuity or pensions and gratuities in terms of section 5 or sections 5 and 7 before he has paid the full amount which is due by him in terms of subsection (1) or (2), the amount which is still unpaid shall be set off against any pensions and gratuities which is payable to him.".

4. Section 5 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 5 of Ordinance 7 of 1974, as amended by section 3 of Ordinance 17 of 1976.

" (1) Subject to the provisions of this section, there shall, at the termination of his service, be payable to a member whose service terminated or terminates on or after the first day of April 1980, and who has had not less than eight years pensionable service —

(a) a pension which shall be calculated in accordance with the formula:

$$\frac{A}{B} \times C$$

in which formula —

(i) A represents his annual pensionable allowance on the date on which his service terminates;

(ii) B represents the figure 15; and

(iii) C represents the period, but not exceeding fifteen years, of his pensionable service; and

(b) a gratuity which shall be calculated in accordance with the formula:

D x E x F

in which formula —

(i) D sy jaarlikse pensioengewende toelae op die datum waarop sy diens ten einde loop, voorstel;

(ii) E die syfer 0,0672 voorstel; en

(iii) F die tydperk, maar hoogstens vyftien jaar, van sy pensioengewende diens voorstel:

Met dien verstande dat indien 'n gratifikasie voorheen ingevolge 'n pensioenordonnansie aan hom betaal is, die gratifikasie aldus aan hom betaal, verreken word teen die gratifikasie wat ingevolge hierdie paragraaf aan hom betaalbaar word.".

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 7 van 1974, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 17 van 1976.

5. Artikel 7 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, is 'n lid wat die amp van —

(a) Voorsitter van die Uitvoerende Komitee;

(b) Lid van die Uitvoerende Komitee;

(c) Voorsitter van die Wetgewende Vergadering;

(d) Leier van die Opposisie in die Wetgewende Vergadering;

(e) Adjunk-Voorsitter en Voorsitter van Komitees van die Wetgewende Vergadering of van lid van die Adviserende Raad terwyl hy nie 'n lid van die Uitvoerende Komitee was nie;

(f) Hoofsweep in die Wetgewende Vergadering; of

(g) Assistent-sweep in die Wetgewende Vergadering,

beklee het en wie se diens op of na die eerste dag van April 1980 ten einde geloop het of loop, benewens enige ander pensioen, gratifikasie of bedrag wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan hom betaalbaar is of waarop hy ingevolge hierdie Ordonnansie geregtig is —

(i) geregtig op 'n spesiale pensioen wat bereken word ooreenkomstig die formule:

$$\frac{G}{H} \times J$$

(i) D represents his annual pensionable allowance on the date on which his service terminates;

(ii) E represents the figure 0,0672; and

(iii) F represents the period, but not exceeding fifteen years, of his pensionable service:

Provided that if any gratuity was previously paid to him in terms of a pensions ordinance, the gratuity so paid to him shall be set off against the gratuity which becomes payable to him in terms of this paragraph.".

Amendment of section 7 of Ordinance 7 of 1974, as amended by section 4 of Ordinance 17 of 1976.

5. Section 7 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) Subject to the provisions of this section, a member who has held the office of —

(a) Chairman of the Executive Committee;

(b) Member of the Executive Committee;

(c) Chairman of the Legislative Assembly;

(d) Leader of the Opposition in the Legislative Assembly;

(e) Deputy Chairman and Chairman of Committees of the Legislative Assembly, or of member of the Advisory Council without being a member of the Executive Committee;

(f) Chief Whip in the Legislative Assembly; or

(g) Assistent Whip in the Legislative Assembly,

and whose service termintated or terminates on or after the first day of April 1980, shall, in addition to any other pension, gratuity or amount payable to him, or to which he is entitled, in terms of this Ordinance —

(i) be entitled to a special pension which shall be calculated in accordance with the formula:

$$\frac{G}{H} \times J$$

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

in welke formule —

(aa) G die jaarlikse toelae betaalbaar aan die bekleër van die betrokke amp op die datum waarop sodanige lid se diens ten einde geloop het of loop, na aftrekking daarvan van die jaarlikse pensioengewende toelae wat op bedoelde datum aan hom betaalbaar is, voorstel;

(bb) H die syfer 15 voorstel: en

(cc) J die tydperk waarvoor sodanige lid die betrokke amp beklee het, voorstel; en

(ii) geregtig op 'n spesiale gratifikasie wat bereken word ooreenkomstig die formule;

K x L x M

in welke formule —

(aa) K die jaarlikse toelae betaalbaar aan die bekleër van die betrokke amp op die datum waarop sodanige lid se diens ten einde geloop het of loop, na aftrekking daarvan van die jaarlikse pensioengewende toelae wat op bedoelde datum aan hom betaalbaar is, voorstel;

(bb) L die syfer 0,0672 voorstel; en

(cc) M die tydperk waarvoor sodanige lid die betrokke amp beklee het, voorstel:

Met dien verstande dat indien 'n spesiale gratifikasie voorheen ingevolge 'n pensioenordonnansie aan sodanige lid betaal is op grond van sy bekleding van die betrokke amp, die spesiale gratifikasie aldus aan hom betaal, verreken word teen die spesiale gratifikasie wat ingevolge hierdie subparagraaf aan hom betaalbaar is.";

(b)(i) deur in paragraaf (a) van subartikel (2) die uitdrukking "paragraaf (c), (e) of (f)" deur die uitdrukking "paragraaf (d), (f) of (g)" te vervang; en

(ii) deur in paragraaf (b) van genoemde subartikel (2) die uitdrukking "paragraaf (b), (c), (d), (e) of (f)" deur die uitdrukking "paragraaf (c), (d), (e), (f) of (g)" te vervang; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

in which formula —

(aa) G represents the annual allowance payable to the holder of the office concerned on the date on which such member's service terminated or terminates after deducting therefrom the annual pensionable allowance payable to him on the said date;

(bb) H represents the figure 15; and

(cc) J represents the period for which such member held the office concerned; and

(ii) be entitled to a special gratuity which shall be calculated in accordance with the formula:

K x L x M

in which formula —

(aa) K represents the annual allowance payable to the holder of the office concerned on the date on which such member's service terminated or terminates after deducting therefrom the annual pensionable allowance payable to him on the said date;

(bb) L represents the figure 0,0672; and

(cc) M represents the period for which such member held the office concerned:

Provided that if any special gratuity was previously, in terms of a pensions ordinance, paid to such member by virtue of his having held the office concerned, the special gratuity so paid to him shall be set off against the special gratuity payable to him in terms of this subparagraph.";

(b)(i) by the substitution in paragraph (a) of subsection (2) for the expression "paragraph (c), (e) or (f)" of the expression "paragraph (d), (f) or (g)"; and

(ii) by the substitution in paragraph (b) of the said subsection (2) for the expression "paragraph (b), (c), (d), (e) or (f)" of the expression "paragraph (c), (d), (e), (f) or (g)"; and

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Die totaal van óf die jaarlikse pensioene óf die gratifikasies wat ingevolge hierdie artikel betaalbaar is aan 'n lid in subartikel (1) bedoel, bedra nie meer nie as die jaarlikse toelae wat op die datum waarop sodanige lid se diens ten einde geloop het of loop, na aftrekking daarvan van sodanige lid se jaarlikse pensioengewende toelae op bedoelde datum, betaalbaar is aan die bekleër van dié amp deur sodanige lid beklee aan die bekleër waarvan die hoogste jaarlikse toelae op bedoelde datum betaalbaar is.".

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 7 van 1974.

6. Artikel 8 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Daar word aan die weduwee van —

(a) iemand op wie artikel 5 of artikel 7 of artikels 5 en 7 van toepassing was, 'n pensioen betaal wat gelykstaan met driekwart van die pensioen of pensioene wat onmiddellik voor sy dood ingevolge enige of meer van genoemde artikels aan so iemand betaal is; of

(b) iemand aan wie 'n pensioen of pensioene aldus betaalbaar sou gewees het indien hy op die datum van sy dood op so 'n pensioen of pensioene geregtig was of daarop geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie maar op bedoelde datum opgehou het om 'n lid te wees —

(i) 'n pensioen betaal wat gelykstaan met driekwart van die pensioen of pensioene wat aldus aan so iemand betaalbaar sou gewees het; en

(ii) die gratifikasie of gratifikasies betaal waarop so iemand ingevolge artikel 5 of artikel 7 of artikels 5 en 7 geregtig sou gewees het.";

(b) deur in subartikel (2) —

(i) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(2) Wanneer enige pensioene en gratifikasies kragtens subartikel (1) aan die weduwee van 'n lid betaalbaar word, word —"; en

**LEGISLATIVE ASSEMBLY AND EXECUTIVE COMMITTEE MEMBERS' PENSIONS AMENDMENT ORDINANCE, 1980**

**Ordinance No. 10 of 1980**

"(3) The aggregate of either the annual pensions or the gratuities payable in terms of this section to a member referred to in subsection (1) shall not exceed the annual allowance which shall, on the date on which such member's service terminated or terminates, after deducting therefrom such member's annual pensionable allowance on the said date, be payable to the holder of that office held by such member to the holder whereof the highest annual allowance is payable on the said date.".

Amendment of section 8 of Ordinance 7 of 1974.

6. Section 8 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) There shall be paid to the widow of —

(a) a person to whom section 5 or section 7 or sections 5 and 7 applied, a pension equal to three-fourths of the pension or pensions paid, in terms of any one or more of the said sections, to such person immediately prior to his death; or

(b) a person to whom a pension or pensions would have been so payable if, on the date of his death, he had been entitled to such pension or pensions or would have been entitled thereto if he had not died but had on the said date ceased to be a member —

(i) a pension equal to three-fourths of the pension or pensions which would have been so payable to such person; and

(ii) the gratuity or gratuities to which such person would have been entitled in terms of section 5 or section 7 or sections 5 and 7.";

(b) by the substitution in subsection (2) —

(i) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"(2) Whenever any pensions and gratuities become payable to the widow of a member under subsection (1) —"; and

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

(ii) die woorde wat op paragraaf (b) volg deur die volgende woorde te vervang:

"verreken teen enige pensioene en gratifikasies aan haar betaalbaar."; en

(c) deur in subartikel (3) na die woord "weduwee" die woorde "benewens enige pensioene en gratifikasies wat kragtens subartikel (1) aan haar betaalbaar is," in te voeg.

Wysiging van artikel 8A van Ordonnansie 7 van 1974, soos ingevoeg deur artikel 5 van Ordonnansie 17 van 1976.

7. Artikel 8A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (1) —

(i) die woord "pensioen" oral waar dit voorkom deur die woorde "pensioen of pensioene "te vervang; en

(ii) die uitdrukking "artikel 5 of 7" deur die uitdrukking "artikel 5 of artikel 7 of artikels 5 en 7" te vervang;

(b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

"(1A) Indien iemand te sterwe kom aan wie 'n gratifikasie of gratifikasies ingevolge artikel 5 of artikel 7 of artikels 5 en 7 betaalbaar was of sou gewees het indien hy nie gesterf het nie maar op die datum van sy dood opgehou het om 'n lid te wees, en hy nie 'n weduwee nalaat aan wie sodanige gratifikasie of gratifikasies ingevolge artikel 8 betaalbaar is nie, of hy 'n weduwee nalaat wat te sterwe kom voordat sodanige gratifikasie of gratifikasies aan haar betaal is, is sodanige gratifikasie of gratifikasies betaalbaar aan sy kinders en word dit onder hulle verdeel op die wyse wat die Uitvoerende Komitee bepaal.";

(c) deur in subartikel (3) die woorde "Pensioen of ander voordeel" deur die woorde "Pensioen, gratifikasie of ander bedrag" te vervang; en

(d) deur in subartikel (5) die woord "pensioene" oral waar dit voorkom deur die woorde "pensioene en gratifikasies" te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Ordonnansie 7 van 1974.

8. Artikel 11 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien iemand, behalwe die weduwee van 'n lid, wat ingevolge hierdie Ordonnansie 'n pensioen of pensioene ontvang, weer 'n lid word, word

(ii) for the words following paragraph (b) of the following words:

"shall be set off against any pensions and gratuities payable to her."; and

(c) by the insertion in subsection (3) after the word "widow" of the words "in addition to any pensions and gratuities payable to her under subsection (1),".

Amendment of section 8A of Ordinance 4 of 1974, as inserted by section 5 of Ordinance 17 of 1976.

7. Section 8A of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in subsection (1) —

(i) for the word "pension" wherever it occurs of the words "pension or pensions"; and

(ii) for the expression "section 5 or 7" of the expression "section 5 or section 7 or sections 5 and 7";

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1A) If any person dies to whom a gratuity or gratuities was or were payable in terms of section 5 or section 7 or sections 5 and 7, or would have been so payable if he had not died but had on the date of his death ceased to be a member and is not survived by a widow to whom such gratuity or gratuities is payable in terms of section 8 or is survived by a widow who dies before such gratuity or gratuities is paid to her, such gratuity or gratuities shall be payable to his children and shall be divided among them in such manner as the Executive Committee may determine.";

(c) by the substitution in subsection (3) for the words "pension or other benefit" of the words "pension, gratuity or other amount"; and

(d) by the substitution in subsection 5 for the word "pensions" wherever it occurs of the words "pensions and gratuities".

Amendment of section 11 of Ordinance 7 of 1974.

8. Section 11 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If any person, other than a widow of a member, who is in receipt of a pension or pensions in terms of this Ordinance, again becomes a

**Ordonnansie No. 10 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PENSIOENE AAN LEDE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING EN DIE UITVOERENDE KOMITEE, 1980**

bedoelde pensioen of pensioene nie meer aan hom betaal nie, en word sy pensioen of pensioene indien hy daarna ophou om 'n lid te wees, ingevolge artikel 5 of artikel 7 of artikels 5 en 7 op die gesamentlike tydperke van sy diens herbereken."; en

(b) deur in subartikel (2) na die woord "pensioen" oral waar dit voorkom die woorde "of pensioene" in te voeg.

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 7 van 1974.

9. Artikel 12 van die Hoofordonnansie word gewysig —

(a) deur in subartikel (1) die woorde "pensioen of ander bedrag" deur die woorde "pensioen, gratifikasie of ander bedrag" te vervang;

(b) deur in subartikel (4) die woorde "hierdie Ordonnansie" deur die uitdrukking "artikel 5" te vervang; en

(c) deur in subartikel (5) die woord "pensioen" deur die woorde "pensioene en gratifikasies" te vervang.

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 7 van 1974.

10. Artikel 13 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "pensioene en ander bedrae" deur die woorde "pensioene, gratifikasies en ander bedrae" te vervang.

Wysiging van Ordonnansie 7 van 1974 om "Administrateur-in-Uitvoerende Komitee" deur "Uitvoerende Komitee" te vervang.

11. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking "Administrateur-in-Uitvoerende Komitee" oral waar dit voorkom deur die woorde "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Vervanging van lang titel van Ordonnansie 7 van 1974, soos vervang deur artikel 10 van Ordonnansie 17 van 1976.

12. Die lang titel van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

"Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings betreffende die betaling van pensioene aan lede van die Wetgewende Vergadering, die Uitvoerende Komitee en die Adviserende Raad en aan die weduwees en kinders van sodanige lede; om voorsiening te maak vir die betaling van gratifikasies aan sodanige lede, weduwees en kinders; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.".

Kort titel en inwerkingtreding.

13. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1980, en word, behoudens die bepalings van artikel 1(2), geag op 1 April 1980 in werking te getree het.

member, such pension or pensions shall cease to be paid to him, and if he thereafter ceases to be a member, his pension or pensions shall be recalculated in terms of section 5 or section 7 or sections 5 and 7 on the combined periods of his service."; and

(b) by the insertion in subsection (2) after the word "pension" wherever it occurs of the words "or pensions".

Amendment of section 12 of Ordinance 7 of 1974.

9. Section 12 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in subsection(1) for the words "pension or other amount" of the words "pension, gratuity or other amount";

(b) by the substitution in subsection (4) for the words "this Ordinance" of the expression "section 5"; and

(c) by the substitution in subsection (5) for the word "pension" of the words "pensions and gratuities".

Amendment of section 13 of Ordinance 7 of 1974.

10. Section 13 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words "pensions and other amounts" of the words "pensions, gratuities and other amounts".

Amendment of Ordinance 7 of 1974 to substitute "Executive Committee" for "Administrator-in-Executive Committee".

11. The principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the expression "Administrator-in-Executive Committee" wherever it occurs of the words "Executive Committee".

Substitution of long title of Ordinance 7 of 1974, as substituted by section 10 of Ordinance 17 of 1976.

12. The following long title is hereby substituted for the long title to the principal Ordinance:

"To consolidate and amend the laws relating to the payment of pensions to members of the Legislative Assembly, the Executive Committee and the Advisory Council and to the widows and children of such members; to provide for the payment of gratuities to such members, widows and children; and to provide for incidental matters.

Short title and commencement.

13. This Ordinance shall be called the Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Amendment Ordinance, 1980, and shall, subject to the provisions of section 1(2), be deemed to have come into operation on 1 April 1980.